higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN HUISHOUDING N4

31 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

1. Sien AL die vrae na.

2. Lees AL die vrae noukeurig.

3. Volg die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Gebruik slegs rooi ink.

6. Plaas jou regmerkies en kruisies netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 A
1.4 A
1.5 B/C
1.6 B
1.7 A
1.8 C
1.9 A
1.10 C

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1.1 Onwaar
2.1.2 Onwaar
2.1.3 Onwaar
2.1.4 Waar
2.1.5 Onwaar
2.1.6 Waar
2.1.7 Waar
2.1.8 Onwaar
2.1.9 Onwaar
2.1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Beddens opmaak

- Dit is noodsaaklik om die beddens met skoon linne oor te trek nadat gaste vertrek het.
- Indien linne vlekke het of geskeur is, behoort dit nie gebruik te word nie en selfs weggegooi te word.
- Die huishoudingafdeling is opgelei om die beddens op 'n sekere korrekte manier op te maak. Dit is gestandaardiseer sodat alle personeel dit kan gebruik om 'n bepaalde standaard te handhaaf.

3.2 Stofsuig en skoonmaak van matte

- Matte moet daagliks gestofstuig word om alle stof te verwyder wat allergene veroorsaak.
- Matte moet gereeld gewas en behoorlik drooggemaak word sodat dit nie sleg ruik nie.
- Vervang matte as dit geskeur, gebrand of erg gevlek is.

3.3 Die vloere word gemop en skoongemaak.
- Vee en mop daagliks die vloere in 'n hotelkamer of -eenheid.
- Gebruik 'n skoon mop met 'n mengsel van ontsmettingsmiddel en reinigingsmiddel en water.
- Maak seker die vloere is droog sodat gaste nie gly nie. Gebruik 'nat vloer'-kennisgewingbord waar moontlik.

3.4 Skoon handdoeke
- Vervang die handdoeke in die kamer of eenheid daagliks met skoon handdoeke.
- Maak seker die handdoeke is steeds wit, met geen sigbare vlekke nie.
- Lig gaste in oor handdoeketiket om water te bespaar: as handdoeke in die bad geplaas word, beteken dit dat hulle vuil is en vervang moet word. As dit oor die relings hang, beteken dat dat hulle skoon is en hergebruik sal word.

3.5 Vrugtemandjies
- Wanneer besprekings gemaak word, moet die Huishoudingafdeling oor enige spesiale geleenthede ingelig word.
- Spesiale geleenthede kan herdenkings, verjaarsdae, verlowings, en so meer insluit.
- Vir hierdie spesiale geleenthede kan vrugtemandjies, wyn of sjokolade gegee word as 'n gebaar van die hotel om die geleentheid te erken.

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Nuwe personeel behoort nie op die eerste dag met 'n diepvetbraaier te werk nie.
- Indien daar van hulle verwag word om met 'n braaier te werk, behoort ervare personeel hulle by te staan of moet hulle vooraf opgelei word.

4.1.2
- Op besige aande soos Vrydagaande, behoort die restaurant meer voorbereiding vooraf te doen (mise-en-place) sodat hulle nie gedurende bediening so onder druk verkeer nie.
- Alle personeel moet noodhulpopleiding ontvang ten einde van die gevare van olie te weet.

4.1.3
- Personeel moet verantwoordelikheid vir hul handelinge aanvaar. Hierdie betrokke personeellid (wat die besering veroorsaak het) behoort versigtiger te gewees het. Hy behoort verantwoordelik gehou te word vir die verlies van die krapvleis. (Hy moes daarvoor betaal het.)
- Personeel behoort opgelei te word ten opsigte van veiligheid, nalatigheid en die gevolge daarvan.

Kopiereg voorbehou

4.1.4
- Teen sluitingstyd behoort personeel kontrolelyste na te gaan en af te teken om seker te maak dat hulle alles afgeskakel het, en so meer.
- Personeel behoort opgelei te word sodat hulle korrek met olie kan werk en dit kan bestuur. Hulle moet ook weet watter gevare dit inhou.

(Enige 4 × 2) (8)

4.2
- Onkunde oor veiligheidsrisiko's
- Foutiewe hantering van toerusting
- Agterlosigheid en roekeloosheid
- Te haastig
- Afleidings (5)

4.3 Werkgewer se verpligtinge:
- Verseker gesondheid en veiligheid van werknemers
- Verskaf 'n veilige werksarea en veilige masjinerie en gereedskap
- Voorsien instruksies en opleiding aan personeel
- Stel 'n beleidsdokument oor veiligheid vir die maatskappy saam
- Plaas brandblussers op geskikte plekke
- Voer gereeld brandoefeninge uit. (Enige 5 × 1) (5)

Werknemer se verpligtinge:
- Om na hul eie gesondheid en veiligheid om te sien
- Om na andere se gesondheid en veiligheid om te sien
- Om NIE perseel of toerusting te misbruik nie (3)

4.4
- Wat moet in 'n noodgeval gedoen word?
- Waarom behoort dit gedoen te word?
- Waarheen behoort die personeel te gaan of te vergader in 'n noodgeval?
- Hoe behoort dit alles plaas te vind?
- Wat behoort gedoen te word om te verseker alles keer terug na normaal? (5)

4.5
- Droë soen
- Om iemand in ’n noodgeval te help
- Om dieselfde badkamergeriewe te gebruik
- Om dieselfde (eet)gereedskap te gebruik
- Hoes of nies
- Deur dieselfde badkamergeriewe te gebruik (6)

4.6
- Veluitslag
- Aanhoudende diarree
- Gewigsverlies
- Moegheid
- Dit maak TB weer aktief
- Aanhoudende koors en nagsweet
- Herpes van die mond of genitalieë
- Tong is opgeswel
- Pyn wanneer jy sluk (Enige 8 ×1) (8)

4.7
- Bied gereelde MIV/VIGS-bewusmakingsprogramme aan.
- Moedig vrywillige toetsing aan.
- Gee onderrig en opleiding rakende MIV/VIGS.
- Bevorder kondoomverspreiding.
- Moedig gedrag aan wat gesondheid bevorder met betrekking tot SOS'e.
- Skep ’n omgewing van oopheid, openbaarmaking en aanvaarding.
- Organiseer welstandprogramme vir werknemers wat deur MIV/VIGS geraak word.
- Bied voorligting en sosiale ondersteuning aan diegene met MIV/VIGS.

(Enige 5 × 1) (5)

4.8
- LSD
- Kokaïen
- Dagga
- Magiese sampioene
- Datura
- Ketamien
- meskalien
- Fensiklidien ('PCP')

(Enige 5 × 1) (5)

[50]

VRAAG 5

5.1 Wetenskap van gesondheid (2)

5.2 5.2.1
- Hou hare skoon en vry van skilfers.
- Hou hare weg uit die gesig.
- As hare oor die kraag hang, moet dit vasgemaak word.
- Dra ’n geskikte hoofbedekking of kappie.
- Was hare een of twee keer per week om dit skoon te hou.
- Haarborsels en kamme moenie gedeel word nie.
- Borsel hare in die kleedkamer of ’n geskikte plek.
- Mans moet skoongeskeer wees en hul baarde netjies geknip.
- Wees bewus van probleme soos kopluise.
- Borsel hare om sirkulasie toe te laat.

(Enige 5 × 1) (5)

5.2.2
- MOENIE harde voorwerpe kou nie.
- Besoek die tandarts elke ses maande vir 'n roetineondersoek.
- Borsel jou tande twee keer per dag.
- Kry gereeld 'n nuwe tandeborsel.
- Gebruik ’n antiseptiese mondspoelmiddel. (5)

5.2.3
- Dra daagliks skoon sokkies.
- Gebruik plat, gemaklike, toe, glyvaste skoene.
- Gebruik voetpoeier indien nodig.
- Was jou voete elke dag.
- Hou die toonnaels kort.
- Indien moontlik, moenie elke dag dieselfde paar skoene dra nie.

(Enige 5 × 1) (5)

5.3
- Speeksel kom op vingers voor en skadelike bakterieë soos stafilokokkus word op vingers aangetref wanneer 'n sigaret vasgehou word.
- Rook laat 'n mens oor voedsel hoes en nies.
- Sigaretstompies se as kan in die kos val.
- Dit kan besmetting veroorsaak. (4)

5.4
- Voorsiening van voedsel en water moet beperk word:✓ Dit moenie onbedek in die kombuis of op voedselbediening-eenheid staan nie.✓
- Toegang moet verbied word:✓ Stop gate toe en gebruik gaasdeure. ✓
- Skuiling vir knaagdiere moenie beskikbaar wees nie:✓ Verwyder leë houers.✓ (3 × 2) (6)

5.5 5.5.1
- Klein
- Onsigbaar vir die blote oog Kan slegs onder 'n elektron-mikroskoop waargeneem word.
- Enkelsellig (3)

5.5.2
- Maagkrampe
- Diarree
- Braking
- Hoofpyn
- Spierpyn
- Koors (Enige 5 × 1) (5)

5.5.3
- Vleis
- Pluimvee
- Vis
- Eiers
- Melk en suiwel
- Groente
- Rys (Enige 5 × 1) (5)

5.5.4
- Tyd
- Voedsel
- Water
- Vog
- Temperatuur
- pH
- Beskikbaarheid van suurstof
- Donkerte
- Mededinging (Enige 6 × 1) (6)

5.5.5
- Drukkamer ('Autoclaving')
- Chemikalieë
- Ioniese straling
- Mikrogolwe
- Ultraviolet lig (Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 6

6.1
- Sloerfase✓ – Selle pas aan by medium en vergroot.✓
- Logaritmiese fase✓ – Wanneer selle aangepas het, vermenigvuldig hulle met gereelde tussenposes.✓
- Stilstaande (stasionêre) fase✓ Groei verlangsaam omdat voedsel gebruik word, afvalproduksie en oorbevolking.
- Afnamefase✓ – As selle nie na 'n gunstige omgewing oorgedra word nie, gaan hulle geleidelik dood.✓ (4 × 2) (8)

6.2
- Die maak van wyn en bier
- By die bak van brood
- Fermentasie van suiker om alkohol te vorm (3)

6.3 6.3.1 Agent wat in sterilisasie✓ gebruik word. Dit vernietig alle mikrobiese lewe,✓ insluitend die spore.✓

6.3.2 'n Chemikalie✓ wat in sterilisering✓ en ontsmetting gebruik word.✓

6.3.3 'n Substansie of mengsel van substansies✓ wanneer dit by water✓ gevoeg word; help om vuiligheid en vetterigheid te verwyder.✓ (Enige 3 × 3) (9)

6.4
- Om gesondheid en veiligheid te bevorder
- Om die lewe van toebehore en passtukke te verleng
- Om die voorkoms van die onderneming te verbeter (3)

6.5
- Dit is duur om te gebruik.
- Dit kan skade aan rubberseëls en waterslange veroorsaak.
- Dit kan gevaarlik wees vir personeel om te gebruik. (3)

6.6
- Verwyder alle oppervlak-olie en obstruksies voor skoonmaak begin.
- Volg die minste belemmerende en steurende skoonmaakmetode.
- Herstel alle oppervlakke tot 'n byna perfekte toestand so gou moontlik.
- Gebruik altyd die eenvoudigste skoonmaakmetode.
- Wees bewus van veiligheidsrisiko's.
- Verwyder alle stof en vuiligheid.
- Voer elke skoonmaakproses so vinnig moontlik uit.
- Die skoonmaakproses moet ten doel hê om skoon, higiëniese oppervlakke te lewer. (Enige 4 × 1) (4)

6.7
- Dit moet 'n goeie kiemdodende aktiwiteit hê.
- Lae toksisiteit vir mense
- Moenie die kleur, reuk of geur van voedsel beïnvloed nie.
- Moet goedkoop, effektief en gerieflik wees.
- Moet maklik wees om te gebruik en weggespoel te word.
- Moenie die operateur nadelig beïnvloed nie. (Enige 3 × 1) (3)

6.8
- Bereik maksimum bekwaamheid in die versorging en gemak van gaste.
- Vestig 'n verwelkomende atmosfeer en hoflike, betroubare diens.
- Verseker 'n hoë standaard van netheid.
- Beheer en hou toesig oor alle personeel van die afdeling.
- Vestig 'n goeie werksverhouding met ander afdelings.
- Verseker veiligheid- en sekuriteitsregulasies volgens die afdeling se reëls. (Enige 5 × 1) (5)

6.9
- Ventileer die vertrek.
- Trek alle vuil beddegoed van die bed af.
- Plaas vuil beddegoed in wasgoedsak op huishoudingtrollie.
- Maak asbakke en afvalhouers skoon.
- Verwyder breekgoed en alle rommel.
- Maak wasbakke en badkamers skoon.
- Trek die bed skoon oor.
- Stof alle toebehore en passtukke af en vee skoon.
- Verwyder vlekke van mure.
- Maak vloere skoon.
- Vervang handdoeke en toiletpapier.
- Vervang skryfbehoeftes.
- Maak vensters toe.
- Kontroleer of daar enige defekte is en meld dit aan. (Enige 12 × 1) (12)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou